

GRIEWEVORM

DIE DIREKTEUR-GENERAAL

ADRES:

E-POS:

FAKS:

**KLAGTE OOR TAALREG INGEVOLGE REGULASIE 2 (2) VAN DIE REGULASIES
UITGEREIK OOREENKOMSTIG DIE WET OP DIE GEBRUIK VAN AMPTELIKE TALE,
Wet 12 VAN 2012, SOOS GEPUBLISEER IN STAATSKOERANT NO. 37398 OP DIE
28STE VAN FEBRUARIE 2014.**

Ek, die ondergetekende,

1. VOLLE NAME EN VAN:

2. ADRES/SE:

2.1 E-POS:

2.2 POSADRES:

2.3 FISIESE (HUIS- OF WERKSADRES):

3. Klaer se moedertaal:

4. Wil die volgende klagte/grief indien teen die Departement

Met betrekking tot 'n gebeurtenis aangaande die inbreukmaking op 'n taalreg of taalverwante saak.

4.1 Datum waarop gebeurtenis plaasgevind het:

4.2 Naam van betrokke beampte:

4.3 By watter kantoor van die Departement het die grief ontstaan?

5. Die besonderhede rakende die grief is soos volg:

(As die ruimte nie voldoende is nie, heg asseblief 'n bylaag aan waarop die grief neergeskryf is.)

6. Met watter beampte het u die kwessie bespreek?

7.1 In watter taal het u met die beampte gekommunikeer?

7.2 In watter taal het die beampte met u gekommunikeer?

7.3 Het u mekaar verstaan?

7.4 Indien die bespreking nie in een taal plaasgevind het nie, was daar 'n tolk nodig?

7.5 Indien wel, was die tolk beskikbaar?

7.6 Indien wel, is die tolk gebruik?

7.7 Indien nie, waarom nie?

8. Watter stappe het u geneem ten einde die saak op vriendelike wyse op te los?

9. Wat is die voorgestelde oplossing of verkieslike uitkoms wat u vir die saak vereis?:

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

- a) Let asseblief daarop dat van u verwag mag word om addisionele inligting te verskaf ten einde die grief of klagte behoorlik te kan oorweeg.
- b) Neem asseblief verder kennis dat u daarop voorbereid moet wees om 'n mondelinge ondersoek rakende die grief of klagte by te woon.
- c) Let asseblief daarop dat hierdie klagte of grief binne 90 dae nadat dit gebeur het ingedien moet word, anders moet u aansoek doen om verskoon te word weens die laat indiening daarvan, tesame met 'n uiteensetting van die redes waarom dit laat ingedien is.

- d) Let asseblief daarop dat die Direkteur-Generaal 90 dae tyd het om die klagte of grief te oorweeg en om u skriftelik van die besluit te verwittig.
- e) Die Direkteur-Generaal moet sy besluit oorweeg en aan die klaer bekend maak volgens die kontakbesonderhede soos op die griewevorm uiteengesit.
- f) Indien die klaer nie met genoemde besluit tevrede is nie, moet hy/sy/dit binne 1 maand na ontvangs van hierdie besluit by die Minister appelleer.
- g) *Neem asseblief verder kennis dat, indien u nie met die besluit tevrede is nie, u 'n skriftelike appèl aan die Minister of die aanspreeklike beampte mag rig in die geval van 'n openbare onderneming of openbare entiteit binne 30 dae vanaf die datum van ontvangs van die besluit, en die Minister het 90 dae tyd om die appèl te oorweeg en 'n besluit daaroor te verstrek.*
- h) Neem asseblief kennis dat, indien u dan steeds ontevrede is, u die saak op hersiening na die Hoë Hof mag neem ingevolge artikel 6 van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 van 2000, en dit moet ingevolge artikel 7 daarvan gedoen word binne 6 maande nadat u in kennis gestel is van die Minister se besluit, of op die datum waarop u met betrekking tot die appèl by u gegewe adres daarvan verwittig is.
- i) Neem asseblief verder kennis dat u enige saak van onbillike diskriminasie op grond van taal by enige gelykheidshof in u gebied aanhangig mag maak. Die landdros of regter mag, ingevolge artikel 20 van die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, Wet 4 van 2000, die saak in die gelykheidshof opskort hangende die uitkoms van hierdie grieweproses, of as hierdie grieweprosedure nie gevolg is nie, mag bepaal word dat dit eers gevolg moet word. Die vorm 2.2 is in al 11 amptelike tale beskikbaar op die webblad van die Departement van Justisie: www.justice.gov.za
- j) Die Minister sal dan 3 maande tyd hê om die appèl te oorweeg en die klaer van 'n antwoord te voorsien. Indien die klaer steeds nie tevrede is nie, mag hy/sy/dit die Minister op hersiening neem ingevolge reël 53 van die reëls van die Hoë Hof, binne 180 dae ingevolge die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 van 2000, of, met goeie redes, na 'n langer tydperk. Die klaer se aandag word ook gevestig op sy reg ingevolge artikel 11 (4) van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalwet, Wet 59 van 1995, soos gewysig deur Wet 10 van 1999, ingevolge waarvan 'n grief aangaande die inbreukmaking op 'n taalreg na die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad verwys mag word. PanSat se posadres, faksnommer en e-posadres is soos volg: